## HOOFSTUK 4: AMPSDRAERS

### 1. INLEIDING

Hierdie reglement omskryf die range wat ampsdraers in Die Voortrekkers gebruik.

### 2. RANGBENAMINGE

Die volgende range word toegeken aan volwasse lede wat verkies of aangewys is om in bepaalde hoedanighede op te tree: hoofleier, adjunkhoofleier, hoofskakeldraer, gebiedsleier,
adjunkgebiedsleier, adjunkhoofskakeldraer, gebiedskakeldraer, oordleier, adjunkoordleier, streekleier, kommandoleier, adjunkkommandoleier, veldkornet, spanoffisier, groepleier, adjunkgroepleier.

### 3. TOEKENNING VAN RANGE AAN VOLWASSE LEDE WAT IN ANDER HOEDANIGHEID OPTREE

3.1 Bestuursliggame kan aan volwasse lede wat verkies of aangewys is om in enige ander hoedanigheid as die hoedanighede vermeld in artikel 2 van hierdie hoofstuk op te tree, 'n rang toeken onderworpe daaraan dat die rang wat toegeken word laer is as die rang van die voorsitter van die betrokke bestuursliggaam, bv kampleier.

3.2 'n Volwassene wat verkies of aangewys is om as predikant of dokter op te tree vir ‘n bepaalde aktiwiteit, beklee die rang van veldkornet.

### 4. TERMYN WAT 'N PERSOON 'N RANG MAG BEKLEE

Volwasse lede wat verkies is tot oord-, gebied- of hoofdagbestuur van *Die Voortrekkers* kan net vir 'n maksimum van twee opeenvolgende volle termyne in dieselfde rang (wat in die grondwet onderskei word) van die betrokke bestuursliggaam dien tensy die betrokke bestuursliggaam in buitengewone gevalle toestemming van ‘n hoër bestuursliggaam verkry om ‘n persoon vir ‘n derde termyn verkiesbaar te stel ooreenkomstig die volgende bepalings;

4.1 In alle gevalle moet die bestuursliggaam wat die versoek indien dit met ‘n twee-derde meerderheid goedkeur en die bestuursliggaam wat die versoek oorweeg moet dit met ‘n twee-derde meerderheid aanvaar.

4.2 ’n Oordbestuur doen aansoek by die betrokke gebiedsbestuur vir ‘n lid van ‘n oorddagbestuur.

4.3 ’n Gebiedsbestuur doen aansoek by die hoofbestuur vir vir ‘n lid van oorddagbestuur.

4.4 Die hoofbestuur doen aansoek by die kieskollege vir ‘n lid van hoofdagbestuur.

### 5. VERVAL VAN RANG

Die rang van 'n volwasse lid verval wanneer hy ophou om lid van *Die Voortrekkers* te wees of wanneer hy ophou om in die hoedanigheid waartoe hy verkies of aangewys is, op te tree.

### 6. ANDER ORGANISASIES

Lidmaatskap van ander organisasies, wat nie in stryd met die grondslag, wese, doelstellings en kode van *Die Voortrekkers* optree nie, diskwalifiseer 'n persoon nie as kandidaat vir 'n amp in *Die Voortrekkers* nie.